

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Taalimplementeringsplan vir 2022

10 September 2021

1) Inleiding en konteks

Die benadering tot die gebruik van taal in onderrig, leer en assessering in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) word deur die Universiteit Stellenbosch (US) Taalbeleid ingelig en gerig. Daarom wag ons gretig dat die Universiteit se hersiene Taalbeleid nog voor die einde van 2021 afgehandel word. Bepaalde geringe wysigings sal waarskynlik aan die bestaande beplanning vir 2022 nodig wees. Intussen voorsien die FGGW geen beduidende skuiwe wat die Taalimplementeringsplan (TIP) betref nie, siende dat die huidige aanwysers op algemene tevredenheid met die status quo dui. Nietemin bied die voortdurende hersiening van studente en personeel se terugvoer (formeel en informeel), wat hoofsaaklik via die onderskeie voorgraadse programkomitees ontvang word, deurentyd insae ter hernuwing. 'n Hoofuitgangspunt hiervoor is die versterking van die meganismes wat gebruik word om inligting oor die gebruik van taal in die verskillende programme te versamel.

Vir 2022 word die bestaande rapporteringstrukture gevolglik behou en, indien nodig, uitgebrei. Dit behels konsultasies op module-, jaar- en programvlak. Ons studenteierskap en uitgebreide netwerke van klasvertegenwoordigers bly 'n primêre bron van terugvoer. Spesifieke pogings sal aangewend word om studentedeelname aan die formele studente-terugvoerstelsel aan te moedig. Formele skriftelike verslae sal steeds twee keer 'n jaar by die FGGW-komitee vir voorgraadse onderrig dien. Hierdie verslae vorm die grondslag vir die tweejaarlikse fakulteitsverslae wat aan die universiteitsbestuur voorgelê word.

2) Oogmerke met die Taalimplementeringsplan en die bevordering van meertaligheid (Voorbeelde van hoe dit bereik word, word verskaf met verwysing na onder meer tutoriale, werksinkels en seminare.)

'n Sleutelaspek van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se Taalimplementeringsplan, en spesifiek wat die bevordering van meertaligheid betref, is die voorsiening van kliniese kommunikasie-onderrig in isiXhosa of Afrikaans. Sodanige kliniese kommunikasie-onderrig vind in al ses voorgraadse programme plaas en word waar nodig onder die onderskeie modules geïntegreer om die geskiktheid en relevansie daarvan te verbeter. Dit vorm 'n sleutelkomponent van die opleiding van toekomstige professionele gesondheidswerkers. Hierdie onderrig vind plaas in verskillende jare, afhangende van die bepaalde beroepsvereistes. Die kurrikula is met die jare deur middel van samewerking tussen die taalfasiliteerders en die dosente in die program ontwikkel en het tot pasgemaakte beroeps spesifieke aanbiedinge gelei.

Studente word verder toenemend aan kliniese kontekste bekend gestel waar meertaligheid 'n vereiste is, en hulle word aangemoedig om met kliënte in hul moedertaal te kommunikeer. Die implementering van die bygewerkte kurrikula in die programme vir Menslike Voeding, Fisioterapie en die MB,ChB bied 'n unieke geleentheid om die uitkomst vir hierdie onderrig te herbesoek en verdere opsies te oorweeg. Die kliniese kommunikasie-fasiliteerders se beklemtoning van die verband tussen taal en

kultuur, en die verruiming van die gesprekke rondom meertaligheid is ook van besondere belang. Die programkoördineerders bevestig deurlopend hul dankbaarheid teenoor die fakulteitsbestuur vir die finansiële steun wat aan hierdie belangrike inisiatief toegewys word. Laastens word daar in sommige van die programme doelbewus moeite gedoen om studente aan te moedig om navorsingsonderwerpe (vir hul voorgraadse navorsingsprojekte) te aanvaar wat die verskaffing van gesondheidsorg binne 'n linguisties uiteenlopende samelewing bevorder.

3) Taalgebruik in onderrig en leer

'n Sleutelbeginsel vir 2022 is dat onderrig-, leer- en assesseringspraktyke in die FGGW aan die beginsels moet voldoen wat in die bestaande US Taalbeleid uiteengesit word, deurdat alle betrokke jaargroepe toegang tot onderrighulpbronne en assesseringsinstrumente, sowel as ondersteuning, in Engels en Afrikaans, moet hê. Dit moet in die konteks van wat realisties uitvoerbaar is plaasvind. Enkele uitsonderings kan nodig wees indien dosente slegs in Engels akademies vaardig is. Daar moet op gelet word dat ons dosenteprofiel in programme soos die MB,ChB dinamies is, omdat verskeie dosente by die onderrig in enige gegewe module betrokke is. Aangesien dit soms moeilik is om aan te dui waar hierdie uitsonderings kan voorkom, word dit tipies op 'n ad hoc-grondslag hanteer. Dikwels kan die TIP nie volledig met die kliniese opleiding geïmplementeer word nie, omdat die mediese personeel by die opleidingsfasiliteite dalk slegs in Afrikaans besprekings voer. Dit is egter tipies op senior vlak (dit wil sê vir die vierde tot sesde jaar).

Die FGGW poog voortdurend om aan die vereistes van die US Taalbeleid te voldoen en sal voortgaan om die aangebode dienste te gebruik waar nodig (onder meer die podsending van vertalings ter ondersteuning van meertalige aanlyn leer, soos aangebied deur die US Taalsentrum aan eerstejaarstudente). Die Afdeling Spraak-Taal- en Gehoorterapie maak melding van 'n uitsondering waar hulle studente soveel skriftelike werk as moontlik in hul voorkeurtaal (Afrikaans of Engels) mag verrig (soos verslae en planne wat puntedraend is), terwyl die skole of kliënte kan vereis dat kliniese dokumente in 'n spesifieke taal gelewer word, wat beteken dat die studente aan dié vereiste moet voldoen.

Kortom, kernlesingsnotas word steeds in Engels en Afrikaans beskikbaar gestel, terwyl dosente in sover dit prakties moontlik is óf in Afrikaans óf in Engels op studente se vrae reageer, afhangende van die taal waarin die vraag gestel word. In die reël ontvang alle betrokke jaargroepe onderrig in Engels, met sleutelbegrippe in Afrikaans. Sommige programme volg 'n benadering waarvolgens studente gevra word om hul behoefte aan onderrig in Afrikaans aan te dui, en op grond van hul terugvoer daar aan die US Taalbeleid voldoen word (kyk paragrawe 7.1.4, 7.1.7 en 7.1.8).

4) Taal in administrasie

Alle formele fakulteitsdokumente (dit is dokumente van die Fakulteitsraad) word in sowel Engels as Afrikaans beskikbaar gestel. Formele kommunikasie (soos *Impromptu*) word op dieselfde manier in al twee tale beskikbaar gestel. Die FGGW poog om aan paragraaf 7.2.1 tot 7.2.5 en paragraaf 7.3 van die US Taalbeleid te voldoen ten einde te voorkom dat enigiemand van belangrike kommunikasie uitgesluit word.

5) Terugvoermeganismes vir implementering (goeie praktyk en klagtes)

Ons gaan voort om ons terugvoerstrukture verder te probeer versterk deur die amptelike moduleterugvoer-meganismes te gebruik en 'n gereelde opname uit te voer om verdere geleenthede vir terugvoer te skep. Gereelde verslagdoening via fakulteitstrukture (soos die komitee vir die voorgraadse program) word deurlopend hiervoor gebruik. Die struktuur van klasverteenvoerders, nes die gereelde vergaderings met die studenteierskap (die Tygerbergstudenterraad en die Tygerberg Akademiese Belangeraad) is 'n deurslaggewende kanaal vir terugvoer en 'n platform vir klagtes. Daarbenewens, en soos vroeër genoem, gaan ons voort om bykomende terugvoer via die formele module-meganismes te beklemtoon, informele gesprekke met studente en kollegas te voer om goeie praktyke uit te wys, en ander areas of uitdagings aan te pak wat ons aandag verg.

Die TIP word as 'n staande item op die agenda van die komitee vir voorgraadse onderrig ingesluit.

6) Gevolgtrekking

Die FGGW besef die kompleksiteit rakende die gebruik van taal in die voorsiening van billike en inklusiewe onderrig, leer en assessering. Ons is nietemin daartoe verbind om die voorskrifte van die US Taalbeleid, die beginsels waarop dit berus, en die riglyne wat dit stel, na te kom.

Prof Susan van Schalkwyk

Waarnemende Visedekaan: Onderrig en Leer